



Jaargang 2 Uitgawe 1

R5

# ink

Maandag

7 Maart

2016

**'Hond se gedagte'**

# Madame Kietsie...

**...laat nie almal spin nie**

**Bl. 6**

FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



**Hoe huldig  
jy 'n lewende  
legende? Bl. 3**



**Marita vertel  
Franse stories  
Bl. 11**



**Trantraal kry  
sy Jonker-prys  
Bl. 11**



**Die evangelie  
volgens Mary  
Bl. 15**

Trotse borg en lid van die

WORDFEES - FAMILiE

**MEDIA 24**

Ons verryk lewens 24/7

" SY VANG DIE WOORDE  
IN HAAR NET  
SLYP HAAR WOORDE  
TEEN DIE ROTS  
SY BAK HAAR WOORDE  
IN DIE VUUR  
EN DIE NOORDEWIND KOM  
EN HAAR WOORDE WAAI VER  
HAAR WOORDE WORD SAAD  
DIE SAAD WORD 'N STER "

- AMANDA STRYDOM,  
BOORD VAN WOORDE

### Elke woord is 'n meesterstuk.

Kom luister na die stroopsoet klanke en  
bittermooi lirieke van onder andere  
Amanda Strydom, Die Heuwels Fantasties,  
Koos Kombuis en Francois van Coke.  
Die 2016 Sanlam Musiekfees, 4-13 Maart.

[www.sanlam.co.za/sponsorships](http://www.sanlam.co.za/sponsorships)



**Sanlam**  
Welvaartmeesters

Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

in trotse samewerking met

## Musiek – spesiale viering

# 'n Aand van beminde tuiskoms

As jy Saterdagmiddag die vloer onder jou voel dreun en hoor rammel het, het jy jou gewis nie misgis nie. Dit was sekerlik van die manjiefekste en liefdevolste huldeblyke wat dié resesent in jare bygewoon het.

Anton Goosen het sewentig geword (op daardie dag, Saterdag 5 Maart) en sy lewe is in 'n propvol auditorium met bewonderaars gevul en met glorie by die Spier-amfiteater gevier. Een ding is duidelik, Afrikaanse ondersteuners se agting vir hul musieklegendes kom diep uit die hart en maag.

Dis nie 'n aangesitte affêre nie, dis nie met selfbeheersing (stiff upper lip) nie. Nee, dis in 'n volkome crescendo met snot en trane, uitbundige gelag en luide saamsingery. Dis outentiek soos plaasbotter, boerbeskuit en kar-ringmelk. Is dit nie wonderlik nie?

Sê van die Afrikaners wat jy wil (soms beduiweld, aweregs en moerig), maar as jy in 'n plek vol opregte uitgelate toegeneentheid soos Saterdagmiddag staan, voel jy sommer asof jy ná 'n baie lang reis in die woestyn huis toe gekom het.

Die aand het begin met Sonja Haroldt wat soos 'n brose voëltjie oor die verhoog kom vlieg het. Sy het geland, haar vlerke geskud en begin sing: "Waterblommetjies in die Boland/ Waterblommetjies van die Kaap/ Maak die bredie net soos in die wynland/ En sê jy is baie lief vir my voor jy gaan slaap..."

As jy in 'n sekere ouderdomsgroep val, ruk daardie lied jou terug na jou kinderjare. Jy voel veilig, omhul in 'n kokon, want die lewe is nog eenvoudig en mooi, en die musiek van daardie tyd bly in jou bloed. En ek sien my ma in die kombuis staan en liggies wieg, wieg by die radio. 'n Leeftyd se nostalgie en verlange begin saggies in jou binnekamers roer.

Sonja Haroldt lyk asemrowend. Sy het 'n paar sexy, stywe jeans gedra met hoëhakstewels. Sy het haar tinktinkelyfies geskud dat die biesies bewe. In een woord: verruklik.



Piet Botha en Albert Frost . FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

## Hoe huldig mens 'n lewende ensiklopedie?

Die regisseur Schalk Joubert en vervaardiger Alexa Strachan vertel hoe hulle te werk gegaan het om die huldeblyk te beplan:

Ons moes fyn kies [wie in die vertoning verskyn]. Sommige is oudkollegas en ander is kunstenaars soos Sonja Herholdt [wat Anton deur sy liedjies bekend gemaak het].

Vanweë die respek wat die industrie vir Anton het, is ons oorval deur aanbiedings,

maar ons moes mooi kies. Die verskillende genres en liedjies moes nie die heeltyd oorvleuel nie, ons wou die diversiteit van Anton saamvat.

Die fokus was op goeie musikante, want dis vir Anton belangrik. Daar's jonger mense soos Gian Groen wat meer onlangs 'n pad saam met Anton gestap het, ook die rymkletsers Churchill Naudé, wat die nuwe rigting waarin Afrikaanse lirieke be-

weeg, verteenwoordig. Dus, vanaf die vader van rock na die toekoms.

Die kunstenaars het bitter baie moeite met hul eie interpretasie van die liedjies gedoen. Hy het soveel treffers, ons sou drie vertonings kon doen. Die uitdaging was nie watter liedjies om te doen nie, dit was watter om uit te laat. Hy is by uitstek 'n lewende ensiklopedie van die Afrikaanse taal en sy musiek.

Daarna het David Kramer met sy hoed, kitaar en rooi skoene die verhoog met "Hanoverstraat" aan die brand laat slaan. Hy wat nooit sy hoed lig nie het daardie aand iets geskiedkundigs gedoen: Sy hoed vir Anton gelig.

Praat van fiks en soepel, hy het daai boude soos 'n wafferse botterbul gewikkel, op sy hakskene gebuk, die kitaar getokkel, en dan weer opgespring en blitsvinnig soos 'n ramkat gekattemaai dat die nag na sy asem moes snak.

Voor my was daar 'n seuntjie van om en by vyf jaar oud wat voor die vertoning vreeslik kriewelrig was. Dinge het nie goed gelyk nie, dit was 'n gekerm en gehuil, die arme ouers was vodde. Gehoorlede het hulle aangegluur, een man het van 'n oond gepraat. Toe die sangers begin, toe raak daardie kind doodstil en hy kyk. Nie 'n woord nie. As jy 'n woorwater kan mesmeriseer, dan het jy die lakmoestoets geslaag.

Tussendeur het die sangers elk

'n staaltjie of twee oor Anton Goosen vertel, en aan die toon van hul stemme kon jy die kameraadskap en warmte hoor.

En raai wat? Wie het ewe kordaat daar as agtergrondsanger koekeloer? Niemand anders as die wêreldberoemde (geen oordrywing) misdaadskrywer Deon Meyer nie. Soos die Kaapse-blommeverkopers sê: "Slaan my dood met 'n nat snoek!"

Daar was ook 'n smörgåsbord van ander musici. Toe die

musikant en liedjieskrywer Laurinda Hofmeyr met haar lieflike laatnagstem en onverbeterlike klavierspel begin, was dit soos om na 'n uitvoering van internasionale gehalte te luister. 'n Sagte wind het buite opgekom, deur die amfiteater gewaai, die blare het geritsel, en dit was asof daar 'n goddelikheid oor die hele plek kom rus het.

Piet Botha met sy lang grys hare, melankoliese gesig en stem wat dik soos room oor die aarde vloei, het "Bring vir die harlekyn nog wyn" met Sonja Haroldt gesing. Saam het dié duet 'n donker, grootse timbre aan die lied verleen.

Die rocker Robin Auld was daar. Hete, ek onthou hom uit die tagtigerjare in sy prille jeug toe hy in rokerige en dekadente nagklubs gesing het. Al wat bakvissie was wou aan sy haardos vat.

Daar was ook nuwer stemme, soos Gian Groen en die kletsrymer Churchil Naudé wat aan die taal 'n soepel ritme verleen. Wie sou kon dink dat daar vandag so lekker in Afrikaans gerap kan word? Beslis nie ouma Gesie de Waal van Koe-kenap nie!

Later het Gert Vlok Nel oor die verhoog kom sweef en 'n groot stilte het weer eens oor die gehoor gedaal. Dit was poësie, vakmanskap, 'n skoonheidsuiting wat aan valhalla en nirvana gegrens het.

Maar toe Anton Goosen aan die einde by die verhoog opklom het die gehoor soos 'n bataljon soldate dadelik op aandag gespring en so hard hande geklap dat die voëls in die een boom opgeruk en in die naghemele verdwyn het.

Hy het sy hand gelig, na die gehoor gedraai, daar was vir 'n oomblik 'n daverende geluidloosheid, en hy het begin sing. Sy gesig het gestraal en hy was toegedraai in 'n kombers van suiwer geneentheid, toewyding en bemindeheid.

En toe hy daar staan kom dié gepaste (geparafraseerde) antieke versreël oor Anton by my op: Die meetsnoere het vir hom in lieflike plekke geval, ja, sy erfenis is mooi. Voorwaar. – Herman Lategan



Lees Herman Lategan se onderhoud met Anton Goosen op bl. 13



David Kramer

Sonja Herholdt

## Koel af met kieste vol ysdrankies

Ink het ’n paar oases uitgesnuffel waar die lekkerste koue lafenis in die dorp gevind kan word.

Nadat Lecca il Gelato in Kerkstraat hul deure gesluit het, is die leemte vinnig deur Scoop gevul. Die geure sluit alles van Malvapoeding tot Bloubessie of Oreo-fudge in teen R17 vir ’n bol in ’n suikerhorinkie.

In die Neelsie-studentesentrum het Freddie Kruger, eienaar van die My Brew Coffee Roastery verfrissende yskoffie vir R15. Op die onderste vloer van die Neelsie kan ’n mens yskoue vrugteskommels by Buzz koop. Dié skommels kos tussen R24,50 en R32,50, en is amper vullend genoeg om as maaltyd te geniet.

In die gevriesde jogurt-afdeling is dit moeilik om tussen Wak-aberry (Andringastraat 13) en Myog (Pleinstraat 3) te kies. Die lekkergoed wat ’n mens bo-oor strooi, kanselleer natuurlik alle “ag-jogurt-is-gesond”-argumente uit. Indien jou feesprogram dit toelaat, kan jy uitwyk na Somerbosch wynlandgoed op die R44 buite Stellenbosch, waar ’n unieke wynproe met tuisgemaakte rooi-wyn-roomys sowat R40 per persoon beloop. – **Lynné Schoeman**

## Kaperjolle en kaskenades



Gr. 5-leerlinge van Proteapark en Berzelia Primêr in Atlantis kom Saterdag by Die Karnaval met hul onderwysers Leandra Klaase (45) en Eidelweiss Leukes (50) aan, nadat hulle die Verf-en-Vers-werkswinkel bygwoon het. FOTO: LYNNÉ SCHOEMAN

DORPSTRAAT LIVE

BITTEREINDER

PHFAT MATTHEW

THE PLASTICS

GOODLUCK

12 MARCH

SPOEGMOLF AND MORE

DAN PATLANSKY

FOKOPOLISIEKAR

COETZENBURG – STELLENBOSCH

PRE SALE R100

AT THE DOOR R150

COMPUTICKET.COM

trots geborg deur

Sanlam

kykNET

Universiteit Stellenbosch

Woordfees

mfm

HILLTOP AFRICA LIVE

## WOW betrek 94 skole en 15 000 leerlinge

Sowat 5 000 leerlinge van graad R tot graad 12 sal vanjaar die Woordfees se Woorde Open Wêreld (WOW)-program bywoon.

Volgens Shireen Crotz, organiseerder van WOW, word daar altesaam 94 skole van reg oor die Kaapse Metropool en sommige sover as Piketberg, Hermanus, Touwsrivier en Genadendal betrek.

“Al die geld vir ons projekte kom van borge en ons subsidieer ook die skole se reiskoste. Die kinders kry elkeen ’n goodie bag, sowel as ’n kospakkie vir ontbyt en middagete,” het Crotz gesê.

Tydens die WOW-Skrywersfees kry die leerlinge die geleentheid om outeurs soos Fanie Viljoen, Theresa van Baalen en Anzil Kulsen te ontmoet. Vir verskillende ouderdomme is daar ook verskillende programme, soos kinderproduksies, Verf en Vers, ’n toneelwerkswinkel en ’n skoolkoerantwerkswinkel.

“Tydens Saterdag se WOW-dag vir graad 12-leerlinge, het 1 500 leerlinge by Coetzenburg na Hildegardt Whites (Bonita in *7de Laan*) en Irshaad Ally van die sepie *Suidooster* op kykNET geluister,” het Crotz gesê. Daar was ook WKOD rolmodel-sprekers en ’n sessie oor tersiêre opleiding aan die US. Daarna kon die leerders by die Karnaval uitspan.

“Die graad 11’s is nou al opgewonde wanneer die matrieks hulle vertel van wat volgende jaar op hulle wag,” het Crotz gesê. Crotz meen dat die onderwysers ook baie positief oor die fees is.

“Ons het Saterdag ’n onderwysforum gehad en behalwe dat dit ’n letterkundige aanslag gehad het, het ons hulle ook ’n bietjie bederf om dankie te sê vir die werk wat hulle deur die jaar doen. Die onnies het dit verskriklik baie geniet.”

WOW is in 2003 as die Woordfees se bemagtiging-sprojek in die Wes-Kaap begin. Die doel is om leerlinge aan kreatiewe programme, wat gerig is op taal, letterkunde en die kunste, bloot te stel en deur die loop van die jaar word sowat 200 000 kinders betrek. – **Lynné Schoeman**

### Laerskole weggevoer na feëland

Die Gr. 2’s en gr. 3’s van die Laerskool Rietenbos, Bruchner de Villiers Primêr, Cloetesville Primêr, en Idasvallei Primêr het Saterdag in spanning gewag vir die opvoering van *Liewe Heksie: Flower Power*. Veelynné Petersen (39) ’n gr. 2-juffrou van die Laerskool Rietenbos was nét so opgewonde.

“Die soort dinge leer die kinders om stil te sit en te luister. Dit leer hulle ook om hul eie stories te vertel. Ons gaan hulle definitief ’n opvoeringkie laat doen oor dit wat hulle gesien het,” het sy gesê.

# Rieldansers trap stof en Hemelbesem vee skoon

Die karnaval, met sy kosstalletjies, springkastele en musiekvermaak vir die hele gesin, het Saterdag vir die eerste keer op Coetzenburg plaasgevind. Kunstenaars soos Early B, Katlego van die Espresso Show, Hemelbesem, Jimmy Nevis en Dr. Victor & The Rasta Rebels het die sowat 5 000 mense vermaak. **Lynné Schoeman** het 'n draai gaan maak en met 'n paar mense gesels.



**Maylene Adonis (33):** Vir my was die hoogtepunt Dr. Victor & The Rasta Rebels, en natuurlik die opkoms van die mense in die Stellenbosch-gemeenskap. Ek sou net graag meer kosstalletjies wou sien.



**Ashwin Isaacs (30):** Die beste deel van die karnaval was vir my dat ons met die artists kon interact. My gunsteling was definitief Hemelbesem en Jimmy Nevis.



**Florance Vermeulen (26):** Die karnaval het alle rasse byeen gebring – wit, swart en bruin – en die diversiteit is wonderlik. Só 'n byeenkoms is so belangrik wanneer jy in ag neem waar ons land hom tans bevind.



**Grace Skomolo (52) en Jonathan Arries (40):** Alles was so lekker, maar die rieldansers was beslis 'n hoogtepunt. Steyn het iets anders na die Woordfees gebring en oud en jonk was gelukkig. Die Woordfees het na almal gekyk.

## Jonges skryf hul verbeelding oop

Die WOW-skoolmediakursus is Saterdag vir sowat 250 hoërskoolleerlinge van oor die Wes-Kaap aangebied. Jong aspirantjoernaliste het meer geleer van skoolkoerante en sosiale media. **Jo-Ann Floris** was daar.

Woorde is wonderlik. Gooi dit in die hoed saam met aspirantjoernaliste en leerlinge wat graag wil leer om met woorde te werk, meng goed met die jonges se verbeelding, en iets fantasties ontpop.

Saterdagoggend. Die Coetzenburg-sportsentrum. Klomp goed gebeur gelyk hier, maar een saal sit volgepak met die redaksies van skoolkoerante. Dis benoud binne en die groot waaiers doen niks meer as om die warm lug te verplaas nie. Maar om die tafels sit die leerlinge bankvas en luister aandagtig. Dis baie om in te neem in 'n baie kort tydjie, maar die aanbieders druk deur en hoop hulle kan die jonges se aandag boei.

Die idees vloei – etiek, hoe om 'n storie aanmekeer te sit, die voor- en nadele van sosiale media, hoe om onderhoude te doen.

En toe gebeur dit. Alles saamgegooi in 'n hoed, en die leerlinge word uitgedaag om 'n inleidingsparagraaf te vat en uit te bou. Dus hul eie storie te skryf.

Die intro het só gelees: "Ek kon dit nie glo nie. Vanoggend lyk Stellenbosch soos een groot karnavalstad."

"Soveel goed aan die gang, mens weet nie waar om te kyk nie. Maar ek kon my oë nie glo..."

Só het hulle dit voltooi:

**Nathally Massias (16), Kylemore Hoërskool:** "...toe ek sien in watter ongelooflike gees almal is nie.

"Glimlagte oral waar jy kyk. Selfone wat oorlaai word met selfies. Memories wat elkeen wil onthou vir ewig.

"Die atmosfeer is ongelooflik. Nie die weer met sy donderstorms en reën kan die gees van sy stryd afsit nie. Dis werklik waar 'n wonderlike gevoel om te ervaar.

"#WOWFEES2016"

**Merzédias Abrahams (16), Saxonsea Sekondêr:**

"...toe ek sien hoe baie skoolkinders werklik belangstel in koerante nie.

"Ons kom uit 'n era waar

koerante nie meer iets groot is nie. Sosiale media het ons kinders se lewens oorgevat. Ek was baie beslis beïndruk met ons toekomstige Suid-Afrikaners.

"Hulle het aan my bewys dat iets oud weer modern gemaak kan word as jy net 'n passie het daarvoor.

"Hierdie leerlinge is baie toegewyd, nie net om hulle skool by te staan nie, maar om die spesialiteit van koerante van generasie tot 'n volgende oor te dra.

"Dit was baie wonderlik om tussen mense te wees wat dieselfde passie as jy het."

**Proteus Sekondêr-span:**

"...toe 'n spul betogers met gevaarlike wapens die universiteit bestorm en ons almal gevange hou nie. Die leier van die groep, Pampoen – seker oor sy groot kop – het 'n balaklava opgehad.

"Pampoen was 'n groot man, maar wat ironies was, toe hy begin praat, het hy geklink soos 'n muis. Almal het geskater van die lag, en

dis toe hy begin histories word.

"In dieselfde asem kom 'n direkteur in en sê 'bravo, bravo, excellent people, that's a wrap!'"

"En dis toe dat almal met verbaasde gesigte na mekaar kyk. En al wat uit my mond kon kom was... ek kon dit nie glo nie..."

**Sinethemba Ntshweza (17), Scottsdene Hoërskool:**

"...toe ek vir Bianca du Toit sien nie. Sy is 'n vorige redakteur van my skoolkoerant en een van die topmatrikulante van 2015.

"Dit het gevoel of ek in 'n droomland is. Die plek lyk net soos 'n plek waar net die beste mense kan wees.

"Die wonderlike mense, studente, verskillende skole met verskillende uniforms wat soos 'n reënboog lyk.

"Toe ek in die laboratorium met my voete instap, het ek gevoel asof ek vlieg waar 'n arend nie kan bereik nie.

"Vandag was die beste dag van my lewe."

**Asemajle Masumpa (15), Gordon Hoërskool:**

"...toe ek vir Jimmy Nevis sien nie. Hy is my idol.

"Toe ek na die ander kant kyk sien ek vir Rhema, hy was besig om met 'n nar te praat. Die nar het 'n swembroek aangehad met groot narskoene, die hare was rooi, geel, oranje en pers. Ek kon my oë nie glo nie.

"Rhema, Rhema het ek geroep. Toe het hy na my toe gekom en vir my 'n drukkie gegee. My oë het groot gerek; ek kon nie eens my mond toemaak nie. Ek dink ek is verlief..."

**Manecia Engelbrecht (16), Saxonsea Sekondêr:**

"...toe ek die opskef in *Die Burger* sien oor die grusame gebeurtenis van gisteraand nie.

"Hoe kan vroue hulself so ontbloot? Ek meen, het hulle dan nie selfrespek dat hulle by 'n vertoning amper halfnaak verskyn nie?"

"Goeie genade, dit maak my skaam om vrou te wees!"

**“Hoe kan vroue hulself so ontbloot? Ek meen, het hulle dan nie selfrespek dat hulle amper halfnaak by 'n vertoning verskyn nie?”**

**Korreltjie Kantel**

Luna Paige  
Nick Turner  
& Hatchetman

Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

**Laer as laag**  
6 Maart 12:30, 12 Maart 18:00 | 80min | R130 | R150 by die deur

# DIE BYBEL IN JOU TAAL

Die Bybel: 'n Direkte Vertaling

**Matteus 27:27**  
Toe het die soldate van die prokurator<sup>1</sup> vir Jesus na die pretorium<sup>2</sup> saamgeneem, en die hele kohort soldate<sup>3</sup> by Hom byeengebring.

<sup>1</sup> **prokurator:** Amptenaar wat namens die keiser in beheer was oor 'n Romeinse provinsie; <sup>2</sup> **Romeinse ampsdraers**  
<sup>3</sup> **pretorium:** Die •bronteks lui *praetorium*. Hier verwys dit na die vesting Antonia, waar die soldate gestasioneer was en die prokurator gedurende feestye tuisgegaan het.  
<sup>4</sup> **kohort soldate:** 'n Afdeling Romeinse soldate, wat uit 200 tot 1 000, maar gewoonlik 600 man, bestaan het; <sup>5</sup> **Militêre terme.**

**SÊ JOU SÊ BY:**  
[www.bybelgenootskap.co.za](http://www.bybelgenootskap.co.za)  
bybelgenootskap van suid-afrika

[www.bybeldirektevertaling.co.za](http://www.bybeldirektevertaling.co.za)

## Toneel

# Franse Kietie met naels

**Hond se gedagte. Toneel.**  
**Stadsaal. 12 Maart om 20:00**  
**en 13 Maart om 16:00.**

Hulle sê jy moenie krap waar dit nie leuk nie. Maar wat doen jy as jy hond se gedagte het dat jou man rondloop, want hy kom nie langer die mas op in die bed nie? Dan sóék jy die vlooi.

Dis presies wat madame Raymond Chandeise (Lorraine Burger) tot aksie noop as haar man, Victor Emmanuel (Louw Venter), op 'n dag nie sy huweliksbeloftes in die slaapkamer na haar bevrediging kan nakom nie. Met behulp van haar vriendin señora Lucienne Hominedes de Histan-gua (Martelize Kolver) bekook sy 'n plan om hom te betrap by die Hotel Kietsie Kats, 'n berugte bordeel wat bestuur word deur 'n bombastiese oud-soldaat Ferallion (Oscar Petersen) en sy wulpse vrou, Olympe (Sandra Prinsloo). En net daar begin 'n prettige deurmekaarspul wat meer as twee uur en vele oop en toe deure later eers ontknoop word.

Christiaan Olwagien het oor die afgelope klomp jare by feesgangers bekendheid verwerf as regisseur en teatermaker in bykans elke toneelgenre. Hiervoor het hy al toekenning op toekenning ontvang. Ná sy produksie van *A Doll's House* van Henrik Ibsen by die Nasionale Kunstefees op Grahamstad gedebuteer het, beskryf 'n joernalis hom as "scandalously talented".

Dis asof Olwagien hom gedwonge voel om die grense en moontlikhede te toets van alles wat hy doen, soms doelbewus en soms toevallig maar altyd deurdag. Seker juis daarom gebeur dit dikwels dat hy sy gehoor in gelyke mate ontstig en vermaak. Met sy eerste volksaalse klug, *Hond se gedagte* deur die Franse dramaturg Georges Feydeau wat by die Woordfees debuteer, was daar reeds ná die eerste vertoning 'n effense frisson omdat mense glo in hordes uitgestap het. Dis darem effens dik vir 'n daalder... of 'n frank.

Dié hoogstaande Franse klug is briljant en keurig in Afrikaans vertaal deur wyle Nerina Ferreira. Met knap woordkeuses en slimmighede slaag sy daarin om deurgaans die



Christiaan Olwagien dryf dinge op 'n spits met dié Franse klug. FOTO'S: NARDUS ENGELBRECHT

Franse aard van die stuk te behou. Die Franse tema word verder gevoer in die skelptenk stelontwerp van Rocco Pool, 'n perfekte klankbaan deur Charl-Johan Lingenfelder wat sy hoogtepunt bereik net voor die pouse en kostuumontwerper Birrie le Roux se fyn humorsin en onkreukbare oog vir detail. *Hond se gedagte* is trouens só Frans in karakter dat dit jou glad nie vreemd op die oor val as Lucienne in 'n stadium moedeloos uitroep: "Maar praat niemand hier dan meer Frans nie!"

Dit sou vreemd gewees het indien Olwagien nie aan die teks verander het nie. By hom is daar geen heilige koeie nie. Hy herskryf selfs Shakespeare. Sy besondere talent is eintlik juis om klassieke tekste só aan te pas en aan te bied dat hedendaagse gehore nie net daarby aanklank vind nie, maar hulle ten volle daarmee kan vereenselwig, veral jonger teatergangers. En tog verloor hy nooit die outentieke karakter of kern van die stuk nie, maar beweeg juis nader daaraan. Met Feydeau se klug is daar in elk geval speling by vertaalde weergawes om aanpassings te maak. Ook hierdie aspek dwing Olwagien in die rooi. Hier is dit 'n weergawe van *Sesame Street* se Muppet Cookie Monster wat een van die karakters vervang. So kry



Olwagien se talente is legio, maar 'n waardevolle een is sy vermoë om die mees nommerpas ensembles byeen te bring.



Die oorhoopse Duitssprekende Kuchenmonster.

jy die oorhoopse Duitssprekende Kuchenmonster, 'n Kietsie Kats-kliënt wat nooit genoeg koek kry nie. Dit daar gelaat. Gekruide taal en woordspelings is immers deel van die resept.

Olwagien se talente is legio, maar 'n waardevolle een is ongetwyfeld sy vermoë om die mees nommerpas ensembles byeen te bring. *Hond se gedagte* is g'n uitsondering nie. 'n Mens kan begin by die wenkombinasie van Burger en Kolver wat hul komedietande destyds hier op Stellenbosch gesny het in *Die Francois Toerien-show*. Dan is daar Wikus du Toit as dr. Finache met sy skewe diagnoses en *penchant* vir polvyne en Breytenbach, albei gereelde deelnemers

aan *Proesstraat*. Olwagien se Polony-komediegenote De Klerk Oelofse as die presiese huiskneg Etienne en Hannah Borthwick as Antoinette, sy vrou van losse sedes, is ook deel van dié uitgesoekte groep spelers.

Jy is óf erg bevoorreg óf baie goed as jy twee veteraanaktrises van die kaliber van Prinsloo en June van Merch (Baptiste) in kameerolle kan inspan, wat hulle natuurlik met groot panache vertolk. David Johnson het die nodige flair as die flambojante hartebrekker Romain Tournel, Petersen as Feraillon is altyd 'n gewilde keuse en Venter in sy twee rolle het al sy staal op die verhoog én die silwerskerm getoon. 'n Onverwagse bonus is die veelsydige Jemma Kahn as die rolskaatsende en gewillige kamerbediende Eugénie. Sy het al met haar verstommende kamishibai-vertonings by Afrikaanse feeste 'n draai gemaak en juis daarom is dit goed om haar terug te sien en wel in 'n ander hoedanigheid saam met van ons beste Afrikaanse akteurs.

Die kersie op die spreekwoordelike koek is egter Albert Pretorius as Chandeise se broerskind Camille. Dié het 'n spraakgebrek en kan net vokale uitspreek. Soos sy oom se vrou tereg vra: "Nou wat se werk doen jy sonder konsonante?" Pretorius steel hier harte en skeur lagspiere met elke verskyning op die verhoog. Is daar 'n einde aan dié jong akteur se vermoëns!

'n Aspek van die produksie wat in hierdie stadium haper, is die mate waarin gewaag is met die fisieke spel in dié klug. Hoewel rondval-komedie net vir somer so nie aangemoedig word nie, is "clowning" nietemin 'n belangrike onderdeel van klugtigheid. Van Merch doen dit byvoorbeeld meesterlik. Alle ander aspekte van die klug word op die spits gedryf, maar nie dié deel nie. Hopelik sal dit met meer inspeelgeleentheid wel tot sy reg kom. Met *Hond se gedagte* het Olwagien nog 'n wenner op sy kerfstok. Dis seker ook nie die laaste nie, want danksy hom en sy span is die ligte gesofistikeerdheid wat 'n goeie klug verg, oplaas weer terug in die prentjie.

– Marina Griebenow

## Klassieke Raka tydloos, maar modern

**Raka. Drama. Hoërskool Luckhoff. 7 Maart om 17:30, 8 Maart om 20:30.**

"Die vroue het hom die eerste gewaar in die loom namiddag toe die arbeid klaar was..."

Hoeveel van ons het nie hierdie woorde al iewers in ons opvoeding raakgeloop nie?

N.P. van Wyk Louw het reeds in

1942 *Raka* geskryf. Deur die jare was daar vele teorieë oor wat die boodskap is wat Van Wyk Louw wou oordra. Was daar 'n politieke ondertoon? Het hy die epiiese gedig geskryf as kritiek op die regering van die dag? Later jare was daar selfs dié wat gesê het dit moet met 'n "groen oog" gelees word, met ander woorde wat die mens aan Moeder Natuur doen.

Een ding is seker: Dit is sonder twyfel een van die grootste werke in Afrikaans en die woorde en rym en ritme sal nooit oud word nie.

Die bekroonde dramaturg en regisseur Deon Opperman se produksie van *Raka* maak sy debuut by die Woordfees en het Neels van Jaarsveld en Franci Swanepoel in die twee vertellersrolle. Van Jaarsveld, kaalbolief en geklee in 'n

leerlendekleed, en Swanepoel, met haar kenmerkende volronde stem, bring die woorde tot lewe. Beide is woordvas en hou die gehoor vir die duur van die vertoning vasgevang.

Die interessante element wat Opperman ingebring het, is die reusstuk materiaal waaragter twee dansers, 'n man en 'n vrou, die materiaal laat lewe en saam die storie

vertel. Dit is besonder effektief en dra by tot die produksie se sukses.

*Raka* word aanbeveel vir feesgangers wat 'n liefde vir die geskrewe woord het en 'n klassieke werk met 'n nuwe kontemporêre baadjie wil sien.

En net ter inligting: Die programgids dui aan dat die vertoning 90 minute is, maar dit is net langer as 'n uur. – Ilza Roggeband

# ink

Redaksie

Redakteur  
Jacolette Kloppers  
(jacolettekloppers@gmail.com)

Uitgewer  
Hannelie Cronjé

Uitleg en produksie  
Johnn-Grant Munro  
Heléne Booyens

Teksredakteur  
Susan Booyens  
Marchelle van Zyl

Fotograwe  
Nardus Engelbrecht  
Natalie Gabriels

Skrywers  
Mila de Villiers  
Jo-Ann Floris  
Marina Griebenow  
Herman Lategan  
Wayne Muller  
Ilza Roggeband  
Lynné Schoeman  
Jo Prins

Assistent  
Marietjie Booyens

Met dank aan Jan Louw  
en Humarga vir tegniese  
dienste en infrastruktuur.

Vir enige navrae skakel  
die feeskantoor by  
021 886 5036 of besoek  
www.woordfees.co.za

**Woordfees-kantoor**  
Adres: Erfurthuis, Ryneveld-  
straat 37, Stellenbosch.  
Navrae: Bel die feeskantoor  
by 021 886 5036 of besoek  
www.woordfees.co.za.

**Besoek die Woordfees se  
Facebook-blad by https://  
www.facebook.com/  
woordfees/**

# 'n Rooivalk, 'n trapsoetjie of dalk 'n ruimteman?

**Rooivalk. Drama (Debuut).  
Die Breughel Teater. 8 Maart  
om 18:00, 12 Maart om 09:30.**

Richard September is kordaat, talentvol, 'n fynpikkewyn, 'n man van belang. Ek het hom laas in *Rondomskrik* deur Rachelle Greeff gesien, waarin hy 'n groot naam vir homself gemaak het.

Die teks was 'n tipe huldeblyk en eerbetoen aan Anene Booyens, liederlike verdrag en vermoor soos baie vroue en jong meisies in ons samelewing. Hy was 'n Kanna-, Fiësta- en Fleur du Cap-wenner vir beste opkomende kunstenaar en byspeler in dié produksie, waarin hy nege verskillende karakters vertolk wat van 14 tot 60 in ouderdom gewissel het.

Volgens die programnotas was "sy karakters fyn gekonstrueer en delikaat omlyn, sodat ons werklik glo ons sien al hierdie verskillende karakters." Inderdaad, hy het moeilos en genuanseerd verwissel van die een karakter tot die volgende – 'n uitputtende uitdaging vir enige akteur.

Richard is 27 en het reeds op

dramaskool (Universiteit van Kaapstad) by verskeie produksies by feeste, soos by Grahamstad, betrokke geraak.

"Ek was al gereeld terug soon-toe. Feeste was en is altyd deel van my DNS", sê hy.

"Ek was nog meeste van die tyd baie besig. Ek werk hard, ek's nie lui nie. Een van baie hoogtepunte was om in Athol Fugard se *Die laaste karretjiegraf* as Toek-Toek op te tree. Wow, wat 'n ondervinding. Dit was beslis 'n toppunt in my lewe."

Sy raad vir jong akteurs is om ander in die bedryf te ondersteun.

"Gaan sien hul stukke, leer daaruit. Bly fiks en soepel, doen elke dag jou stemoefeninge. Jy moet jou lyf kan gebruik op die verhoog, kyk mooi na hom. Dis jou instrument."

In 'n vorige onderhoud het hy gesê hy voel oor die leksikale betekenis of klassifikasie coloured of bruinman neutraal.

"Ek vat dit nie ernstig op nie, ek kyk wel daarna met ironie. Ek kan soms lag vir die tipiese goed wat 'n mens 'coloured' maak (musiek,



**Richard September**

kos, klere, whatever), maar eintlik vat ek dit maar regtig ligtelik."

Sy nuutste stuk by die Woordfees, *Rooivalk*, waarin hy optree, handel oor die vriendskap tussen twee seuns wat op 'n plaas in Limpopo (Soutpansberg) grootword. Dit gaan oor 'n boer se seun, JP, en sy beste vriend Rooivalk Buys, wie se pa 'n werker op die plaas is.

Die verhaal speel af in die laat 90's wanneer die seuns in graad sewe is, totdat hulle amper met

hoërskool klaar is. Hy vertolk die rolle van JP én Rooivalk, albei uiteenlopende persoonlikhede, maar as vriende onafskeidbaar.

In die werklike lewe is Richard ietwat van 'n misterie. Hy het in Kuilsrivier in 'n Afrikaanse huishouding grootgeword, maar sy skoolopleiding was in Engels. Richard beweeg moeiteloos tussen dié twee wêreldes. Hy fluister. Sy oë is gordyne. Hy laat nie maklik die vensters van sy lewe oop nie. Verder bemark hy homself nie juis nie, soos 'n figurant sluip hy saggies in die agtergrond totdat hy op die verhoog verskyn, waar hy met sy "presence" die vloere laat bewe.

Sy hare is Rasta-lokke, maar dit kan ook verander. Dis asof hy 'n ruimteman in 'n ruimtekapsule is, verdryf hy bo die aarde. Maar as hy land op terra firma, die gordyne oopgaan, en die ligte op die verhoog skyn, sidder dit en val sy maskers af. Of nie?

Gaan kyk maar vir jouself, want 'n blitsnel, elastiese verkleurman-netjie en trapsoetjies bly maar 'n betowerende ding. Nê?

– **Herman Lategan**

## Ink op die internet

'n Elektroniese weergawe van Ink is ná 13:00 beskikbaar op Netwerk24. Besoek die skakel <http://www.netwerk24.com/za/eikestadnuus> om aanlyn te lees.


**NETWERK 24**  
AL DIE NUUS, ALTYD BYDERHAND

**Eikestad** NUUS  
NUUS NET VIR JOU

*naledi*

is **BLY** om deel van die Woordfees te wees!

1. **Kryt, koffie en koek: Kleur Stellenbosch in saam met Tanya O'Connor**  
4 Maart 15:00 | Batavia Boutique Hotel
2. **Christine Barkhuizen le Roux: Skynskadu**  
5 Maart 14:30 | Laer as laag
3. **Kosdemo: Brekfis met Derrick en Adelle**  
7 Maart 09:00 | Die Khaya
4. **Randall Wicomb: Kleur – my lewe, my lied**  
8 Maart 15:30 Boektent
5. **Willie Esterhuyse - Geagte Jahwe**  
11 Maart 15:30 Boeketent



*Sien jou daar!*

**ONTDEK 'n NUWE Wêreld**  
saam met die ATKV  
BY VANJAAR SE US WOORDFEES!

**ATKV-BOEK-WINKEL**  
Ons omvangryke boekwinkel\* is terug met 'n fees van boeke vir boekleefhebbers van alle ouderdomme. Kom ontmoet u gunstelingskrywers en kuier saam rondom boeke in die hartjie van die Woordfees.

\*Agter die US Museum



Kom loer **daaglik** vanaf 11:00 tot 14:00 in by ons ATKV-kontakpunt langs die ATKV-Boektent om meer uit te vind oor die ATKV, Vriende van Afrikaans, ons kultuur- en erfenisprojekte, spesiale ATKV-Goudini Spa fees-aanbiedings, 'n Taalgenoot-intekenpromosie, Negester en talle meer. **ATKV - ontdek 'n nuwe wêreld!**

### VANDAG, 7 MAART SE PROGRAM IN DIE ATKV-BOEK TENT:

|               |                                             |
|---------------|---------------------------------------------|
| 09:00 - 10:00 | Philip Retief - Van Loveren                 |
| 10:30 - 11:30 | Sugar Man                                   |
| 12:00 - 13:00 | Hanlie Retief: Anderkant uit                |
| 14:00 - 15:00 | Riekert Botha en Albert Theron              |
| 15:30 - 16:30 | Bravo! Bekende akteurs se gunstelingresepte |
| 17:00 - 18:00 | Theuns Eloff: Wat nou Suid-Afrika?          |



**#ONTDEKAFRIKAANS**

Deel die wyses waarop jy nuwe wêreldes in Afrikaans ervaar en staan 'n kans om 'n jaar se Taalgenoot leesgenot te wen. Plak jou foto-ervarings op ons Facebook-muur of deel dit via twitter met die hutsmerk #OntdekAfrikaans



## Straatmylfees

# Plesierig, al is 'droom' gemis

Ek het blind gehardloop. Eers binne hoorafstand van die aankondiger kon ek weet hoe vinnig ek is, maar toe was dit te laat.

Die Suid-Afrikaanse rekordhouer in die myl, Johan Cronjé, was Saterdagoggend "teleurgesteld en 'n bietjie ontevrede" omdat hy nie weer daarin kon slaag om 'n droommyl tydens die Dagbreek/Maties-straatmyl te hardloop nie.

Hoewel Cronjé (33) sy titel as kampioen van die straatmyl verdedig het deur vir die derde keer al die ander deelnemers in die elite-mansafdeling uit te stof, het sy tyd van 4.04.80 vanjaar net-niet nie aan die droomtyd van onder 4 minute voldoen nie.

Cronjé, wat in Bloemfontein woon en vir die Universiteit van die Vrystaat hardloop, geniet dié straatmyl (1,6 km) verskriklik baie, omdat dit "n bietjie meer relaxed" is. Hy beplan om na Stellenbosch te trek wanneer hy sy hardloopskoene die dag opgehang het.

"Vir my item [die 1 500 m] het 'n mens hoë lugdruk nodig om in te oefen, so vir eers moet ek maar in Bloemfontein bly. As dit vanjaar sleg gaan, sal ek maar aan die einde van die jaar klaarmaak," het hy gesê.

Annelien Roffey (34) van Durbanville het nie verwag dat sy sou wen nie. Dit was haar eerste straatmyl en sy meen die kompetisie was straf. "Dit was baie lekker – my bene het net baie lam geword in die laaste 100m."



'n Groep vrolike deelnemers aan Saterdag se Dagbreek/Maties-straatmyl. FOTO: NATALIE GABRIELS

Fortunate Chidzivo (29) was tweede. Toe *Ink* haar net ná die wedloop nader, was sy baie moeg en het gesê sy voel "terrible". Dié WP-atleet van Delft oefen drie keer per week en hoop om eendag aan die Olimpiese Spele deel te neem.

Sunel Jacobs (23) van Bellville het 'n derde plek behaal in haar heel eerste straatmyl. "Dit is so 'n nice event – dit sal lekker wees as meer mense dit ondersteun." Sy wil ook mense aanmoedig om deel te neem, "maak nie saak of hulle hardloop, draf of stap nie".

Deesdae kan selfs skaatsplankryers deelneem. Volgens die organiseerder, François Fouché, is dit die eerste keer wat 'n skaatsplank-straatmyl in Suid-Af-



Johan Cronjé het die straatmyl vir die derde keer gewen. FOTO: LYNNÉ SCHOEMAN

rika aangebied is. "Walter Barlow het met sy skaatsplank die vinnigste tyd van al die wedlope (3.41.41) behaal." Vanjaar was ook die eerste keer wat daar wedlope vir skoolkinders (o.15 en o.19) aangebied is.

Fouché meen hulle kon nie oor die weer kla nie. "Die reën het gelukkig eers begin val nadat ons amper klaar met die prysuitdeling was en dit was lekker koel."

Sowat R40 000 se pryse was op die spel, waaronder sportsakke ter waarde van R3 000, PNA-geskenkbewyse en medaljes geborg deur die Alumnikantoor.

Vanjaar is die 6de jaar wat die Straatmyl tydens die Woordfees aangebied is. Dit is die eerste keer in 2011 gehou, as deel van die vieringe van Dagbreek se 90-jarige bestaan. Dit is ter ere van De Villiers Lamprecht, 'n oud-inwoner van Dagbreek, wat op 13 November 1964 die eerste Suid-Afrikaner geword het om 'n droommyl te hardloop. – **Lynné Schoeman**

### VANJAAR SE WENNERS

#### ELITE MANS

1. - Johan Cronjé - 4.04.80
2. - Llewellyn Groeneveld - 4.11.90
3. - Casper Labuschagne - 4.15.00

#### ELITE VROUE

1. - Annelien Roffey - 5.05.09
2. - Fortunate Chidzivo - 5.08.03
3. - Sunel Jacobs - 5.12.44

#### MANS OPE

Melvin Buys - 4.29.06

#### VROUE OPE

Lara Rossouw - 5.24.24

#### SKAATSPLANK

Walter Barlow - 3.41.41  
(Vinnigste wedloop van die dag)

#### SEUNS o.19

Zaid Williams - 4.57.36

#### SEUNS o.15

Francois van Zyl - 5.22.97

#### MEISIES o.19

Ronelda Veliem - 5.25.02

#### MEISIES o.15

Megan Swanepoel - 5.20.50

## 'n Bra-storm in Sjef Snoekie se potte

Die skrywer **Marlise Scheepers** se boekbekendstelling is Vrydagaand deur 'n groep vroue ontwrig wat sonder hemde aan 'n protesaksie deelgeneem het. Sy gee hier haar indrukke.



### Kommentaar

Dit vat 'n persoon van lae inbors om verkragting te gebruik om politieke of persoonlike agendas te bevorder. Verkragting is 'n wêreldwye ernstige kwessie wat nie misbruik mag word nie. Veral nie op 'n vasteland waar sommige kulturele oortuigings van só 'n aard is waar homoseksuele vroue verkrag word met die doel om hulle te "genees" nie.

Tydens my boek se bekendstelling, *Sjef Snoekie laat die potte sing*, het dertig meisies op die verhoog gestap terwyl hulle die vryheidslied "Senzeni Na?" gesing het. Dit was so, so mooi dat ek vir 'n oomblik gedink het dit is 'n flash mob en die lus het my oorval om saam te sing. Veral nadat ek 'n paar jaar gelede as joernalis by *Beeld* deur oorlede George Weideman

genader is om 'n gedig wat hy oor die lied en die land geskryf het, te toonset. Die lied lê my daarom ook persoonlik na aan die hart.

Ek en Mariëtta Kruger het die verhoog verlaat nadat ons mikrofone uit ons hande geruk is en ek besef het hierdie is duidelik nie 'n flash mob nie.

My pa, Lourens Scheepers, het tydens die protes op die verhoog gestap en een van die vroue gevra waarom hulle protesteer, waarna sy hom met water in die gesig gegooi het. Hy het weer oorkant my ma gaan sit en dis toe wat die groep jong meisies die gehoor tot geweld begin uitlok het. (Onthou niemand in die gehoor of ekself kon in hierdie stadium nog uitvind waarom die betoging gaan nie.)

Die meisies het van die verhoog af tot op die tafels gespring en glase en bottels het gespat. 'n Groepie het om my pa gaan staan en sy eie glas wyn in sy

gesig gegooi. 'n Ander een het op die bankie waarop my ma gesit het gespring in 'n poging om die bankie te laat omtuimel sodat my ma moes val – wat toe ook gebeur het, buiten dat my ma haar balans gehou het en sy net teen die tafel geval het. (Dit sien ek as geweld van vroue teen vroue en my ma is 'n bejaarde vrou.)

My pa is 'n man van integriteit. Hy was die stigter van die eerste en enigste swartvrouebemagtigingsmyngroepe in Afrika. Kalahari Resources. En daar sit my bejaarde pa en die jong meisies gooi hom met water en wyn in sy gesig en op sy klere. My pa het al meer vir vroue se bemagtiging gedoen as waarvan Johan Pienaar, 'n aktivis van Stellenbosch, maar kan droom.

Later het die groep "f\*ck whites" geskreeu en êrens het een van hulle iets van die Ku Klux Klan geskreeu. Die gehoor het verstar gestaar. Nooit is daar vir my gesê waarom die betoging gaan nie.

As iemand maar net vir my gesê het dat dit oor verkragting was, het ek self opgestaan en saam met hulle gesing as demonstrasie teen die afskuwelike daad. Maar ek het van niks geweet nie, ook nie van die bewerings teen AfriForum nie. As ek dit geweet het, het ek nie

saam gedans nie, want ek vind dit onaantoonbaar vir een instansie om die daad te gebruik om 'n ander instansie by te kom nie.

Johan Pienaar het saam met die groep daar aangekom en het deurentyd met sy hande in sy sye gestaan en toekyk en soms met van die lede gepraat wat dan slagspreuke sou harder skree en wilder dans.

Die protes was nie vreedsaam nie en ek vermoed die groep wou geweld uitlok sodat daar dan verder op "geweld teen vroue" se rug gery kon word. Maar my aanhangers is nie vroueslaners of verkragters nie. Hulle is mense wat van kos en musiek hou. Soos ek.

Toe die groep weg is, is die vertoning voortgesit. Ek het die aand afgesluit met my huldeblyk aan Miriam Makeba, Mama Africa. Ek vermoed die groep vroue was nie studente nie en dat hulle ook nie weet wie Makeba was en wat sy alles bereik het nie.

Wat my wel dwars in die krop steek, is dat 'n middeljarige man die sowat dertig jong meisies skynbaar tot so 'n mate kon misbruik dat hulle hulself halfnaak kon verneder.

My boekbekendstelling was 'n reusesukses. Dankie aan almal wat dit bygewoon het.

God seën Afrika.

## Sien die allerbeste

Die Woordfees bied vanjaar talle bekroonde produksies aan.

Bertolt Brecht se *Moeder Moed en haar kinders*, vertaal en verwerk deur feesdirekteur Saartjie Botha, is met drie Kanna-pryse bekroon en beskryf as "die grootste teater wat jy nie durf misloop nie", en is laasjaar as beste produksie by Aardklop aangewys, met Jerry Mofokeng as beste regisseur.

Marlo Minnaar se verwerking van Eben Venter se ode aan die Karoo, *Santa Gam-ka*, is in 2015 bekroon met die Kanna vir Beste Debuutwerk en Kopverskuiwende Werk. Regie en ontwerp is deur die bekroonde Jaco Bouwer.

Philip Rademeyer se *As* (Ashes) ondersoek homoseksualiteit en die stigmas wat in Suid-Afrika daaraan gekoppel word. *Ashes* is in 2015 bekroon met die Standard Bank Ovation-toekenning.

Die alombekende Wessel Pretorius se drama *Die dag is bros*, wat laasjaar 'n ATKV Veertjie-wenner was, handel oor familie, vergifnis, en herinneringe. – **Mila de Villiers**

# Die grys gebiede in ons reënboog

Die grootste jammerte van die hele *Rainbow Scars*-produksie is dat Sondagoggend die laaste vertoning was.

Want lanklaas het 'n gesprek oor ras en identiteit so 'n kishou geslaan sonder om baie lawaai te maak of sensasioneel te probeer wees.

Tower dié beeld op: Wit ma (Jennifer Steyn) as Ellen Robinson en haar swart aangenome dogter (Kertrice Maitisa) as Lindiwe.

Links op die verhoog, op 'n stoel maar in die skaduwee, 'n swart man (Mbulelo Grootboom) wat die hande uitsteek in smeekgebed om hulp, iets om te eet. Werk. Enigiets.

Maar niemand sien hom raak nie. Of eerder, dis maklik om hom nie raak te sien nie.

Ma en dogter kan jy nie miskyk nie. Hulle is wel-gekleed, elk met 'n skootreke-naar. Hulle praat van aansoek doen by UCT en oorsese vakansies. Ja, mnr. Robinson is in die tronk vir bedrog, maar witboordjiemisdad is mos nie so erg soos strafbare manslag nie, of hoe, kom die morele tameletjie later.

Stadigaan kry die prentjie van welvaart en voorspoed en rasseharmonie 'n paar vals note. Sicelo, 'n neef van Lindi, is in die tronk vir manslag nadat 'n groep werklose mense hul woede uitgehaal het op 'n Zimbabwier wat wel werk gekry het. 'n Groep mans het hom aangerand en by die trein uitgegooi.

Sicelo bel Lindiwe herhaaldelik, maar die boodskap kom nooit by haar uit nie – daarvoor het haar aaneem-ma seker gemaak.

## 'Beskikbaar en bekostigbaar'

Die Woordfees bied vanjaar alternatiewe verblyf wat beskikbaar gestel word tot 16 Maart.

Volgens Ulrike Vorn-dran, die Woordfees se koördineerder vir gasvryheid en verblyf, word die tentedorp en koshuisverblyf aangebied vir feesgangers "wat nie té gesteld is op te veel gemak nie".

Die akkommodasie wat beskikbaar gestel gaan word, is die tentedorp op die Voortrekkersperseel naby Jonkershoek en die Hoërskool Stellenbosch, asook

Maar bloed kruip waar dit nie kan loop nie, lui die gesegde. En dis nie anders in *Rainbow Scars* nie. Want Sicelo en Lindiwe ontmoet, en sy word gekonfronteer met 'n wereld waar wit en swart vervaag tot 'n onseker, vrees-aanjaende grys gebied.

Moet sy haar ras gebruik om by UCT in te kom, moet sy skuldig voel oor die kans wat sy in die lewe kry, moet sy skuldig voel omdat sy bang is om vir haar familie in Khayelitsha te gaan kuier.

Die stuk raak waarskynlik elke faset aan van hierdie Suid-Afrika waarin ons kinders grootword, en dit laat mens plek-plek ongemaklik in jou stoel skuif.

Dit is grys gebiede soos omkoopgeld aan die spietkop wat "mos nie eintlik misdad is nie" tot Sicelo wat eintlik net hulp wou hê, nie bedelgeld nie – maar albei lei tot misdadigheid.

Dit draai ook die siening van wie slagoffer is, of redder, op sy kop – en in die middel staan een jong, verwarde tienier wat nie weet in watter vel sy nou hoort nie. Dit is egter nie net haar stryd nie, dit is ook die stryd van 'n wit vrou wat probeer om haar deel te doen om die wereld 'n beter plek te maak deur een kind te help.

Die storielyn se krag lê daarin dat dit nie stroperig raak of maak of dit al die antwoorde bied nie. Intendeel, dit laat mens dieper kyk na jouself, jou interaksie met die wêreld om jou.

En dit laat jou met nuwe oë kyk na die onsigbares om jou. – **Jo-Ann Floris**

koshuisakkommodasie vir die twee naweke van die fees in die Hoërskool Stellenbosch se koshuis.

Die teikenmark vir hierdie akkommodasie is jonger middelklas feesgangers.

Ulrike lê klem daarop dat hierdie alternatiewe vorm van akkommodasie aangebied word "om iets goedkoper beskikbaar te stel en die druk op die middedorp te verlig".

Jy kan jou kampeerplek by 021 886 5036 of woordfeeskaartjies@sun.ac.za bespreek. – **Mila de Villiers**



Tonya "Karla Krimpelien" Selly, Gary "Piet Pers" Herselman en Jannie "Hanepoot" van Tonder, lede van die Gereformeerde Blues Band, gisteraand in aksie by die Spier-amfiteater gisteraand. Hierdie groep was die musiekfabriek van die bekende Voëlvrytoer in 1989. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT



bly • hlala  
happy • stay  
ulonwabo

**GRATIS PRET VIR DIE HELE GESIN!**

**9 MAART**  
GRATIS

**15h30-18h00**  
PULP Cinema, Neelsie:  
Kortfilm- vertonings  
& -besprekings

**13 MAART**  
GRATIS

**15h00**  
Kortfilmvertonings, piekniekfasiliteite,  
kostalietjies  
**17h00**  
Interaksie en gratis lesse in: Origami,  
hoelahoep, vlieërs maak, kletsrym  
Pryse te wen!  
(hoelahoepels, handgemaakte

skaatsplanke en vlieërs!)  
**19h30**  
Voorvertoning: Inzync kletsrym  
**20h00**  
Lofdigter: Malika Ndlovu  
Aankondiging van top 5 inskrywings  
Vuurseremonie (poi dansers,  
lanterns en brand van die  
vlerkflappende feniks)

**SPONSORED BY**



NATIONAL LOTTERIES COMMISSION  
LOTTO FUNDED



**OTHER PARTNERS AND SPONSORS**











# Tom en kie. vier vertaling



Die Belgiese skrywer Tom Lanoye en sy Afrikaanse vertaler, Daniel Hugo, het Saterdag in die ATKV-Boek-tent gesels oor *Gelukkige Slawe*. Agter is die akteurspaar Johan en Lida Botha. FOTO: NATALIE GABRIELS

# Blondes bekoor met beste bekendes

**Beste Blondes. Klassieke musiek. kykNET Endler. 7 Maart om 18:00.**

Ná 'n dekade het die klavierduo Zorada Temmingh en Elna van der Merwe besluit om die werke “waarvoor die mense die meeste hande geklap het” te kies en aanmekeer te weef in die produksie Beste Blondes.

Temmingh, een van Suid-Afrika se voorste orrel-improvisators, en Elna van der Merwe, klassieke klavierbegeleier, bekoor gehore die afgelope 10 jaar as Die Blondes. Hulle is bekend vir hul kreatiewe en eiesoortige vermening van klassieke Bach-, Mozart-, Beethoven- en Tsjajkowsk-werke met treffers van Abba, die Beatles en Queen.

Volgens Temmingh was dit veral 'n uitdaging om gedeeltes van 'n vorige konsert, wat toe 20 minute geduur het, nou te verkort na slegs vyf minute.

Die Blondes, albei in swart geklee voor twee Bösendorfer-vleuelklaviere, het die klassieke gedeelte van die program met baie bekende werke soos Mozart se “Eine kleine Nachtmusik”, “Rondo alla Turca”, die eerste beweging uit Beethoven se “Maanlig-sonate” en “Für Elise” begin.

Musiek uit Verdi se operas soos die “Triomfmars” uit *Aida* en “Va pensiero”, ook bekend as die “Slawekoor” uit *Nabucco*, het groot byval by die gehoor gevind. So ook “La donna e mobile” uit *Rigoletto* en die “Aambeeldkoor” uit *Il Traviatore*. Die meeste werke het 'n ryk en vol tekstuur gehad.

Van der Merwe het op-

gemerk dat hulle skatryk sou wees as hulle betaal sou word vir elkeen van die note wat hulle speel. Die klassieke gedeelte van net minder as 'n halfuur is afgesluit met die eerste beweging uit Tsjajkowsk se eerste klavierkonsert, asook musiek uit die *Swanemeer*.

Die dromspeler Neville Arnolds (weliswaar nie blond nie), het by die duo vir die kontemporêre gedeelte van die program aangesluit, met musiek van die Beatles, Queen, Elton John en Abba. Treffer ná treffer het vinnig op mekaar gevolg – die Beatles se “Yesterday”, “Let It Be”, “Ob-La-Di, Ob-La-Da” en “Hey Jude”, gunsteling van Queen, en Elton John se “Your Song” en “Candle in the Wind”. Abba se “Money, Money, Money”, “Fernando”, “Waterloo”, “SOS” en “Chiquitita” is energiek aangepak en die konsert is afgesluit met “Thank You for the Music”.

Die toegif, ná 'n staande toejuiging, het 'n Suid-Afrikaanse geur gehad. 'n Kort keurspel is speels aangebied en het bestaan uit “Kaapse draai”, “Pollie ons gaan Paarl toe” en “Bobbejaan klim die berg”.

*Beste Blondes* is, soos die Blondes se vorige konserte, 'n genotvolle ervaring en inderdaad 'n tonikum vir die siel.

Die Blondes het reeds drie CD's opgeneem. In 2008 het die musiek van Bach, Mozart, Abba en die Beatles die lig gesien. Dit is in 2010 opgevolg met Beethoven, Tsjajkowsk en Queen. Blondes 3 (Verdi, Andrew Lloyd Webber en Afrikaanse volksliedjies) het in 2013 verskyn.

– Johan van Tiddens

## Oude Libertas Amfiteater

## Best of Bovim Ballet

### 8-12 Maart 20:15



Asemrowende duette, trios & groepwerk vol finesse uit  
Tango Nights, SwingTime, Romeo's Kiss, Queen at the Ballet  
en Private Presley



Besprekings @ : 021 809 7473  
h/v Adam Tas & Libertas Str, Stellenbosch



**LANZERAC**  
HOTEL & SPA  
Est. 1692  
★★★★★

**LANZERAC IS N TROTSE BORG VAN DIE  
US WOORDFEES 2016**

DIE LANZERAC DELI BIED DAAGLIKS HEERLIKE EETGOED BY  
DIE HOFMEYRSAAL VANAF 4-13 MAART WAT NIE MISGELOOP  
MOET WORD NIE.

EKSLUSIEWE LANZERAC WYNVERKOPE BY COETZENBURG,  
HOFMEYRSAAL, STADSAL EN DIE KHAYA.

DIE LANZERAC DELI IS OOK 'N DEELNEMER AAN DIE HAP 'N  
KEBAB KOMPETISIE - MAAK SEKER JULLE KRY 'N KANS ONS  
DIT TE PROE ON DIE PLAAS BY DIE LANZERAC DELI TYDENS  
DIE WOORDFEES.

# Franse vlam van ‘Misverstand’

Frankryk en die Franse het haar verander. Só het Marita van der Vyver gister in die praatjie *Franse sjarme en Suid-Afrikaanse gasvryheid met Marita van der Vyver* gesê.

“’n Skrywer is altyd ’n vlieg teen die muur. My verblyf in Frankryk het gehelp om na Suid-Afrika uit ’n hoogte te kyk; nie net die bome te sien nie, maar die hele bos.”

Van der Vyver, wat in gesprek met Elna van der Merwe was, het onderhoudend gepraat oor haar lewe, haar werk en haar werksverrigting as ’n skrywer.

“Ek het van kleintyd geweet ek wil ’n skrywer wees,” het sy gesê. “Ek het hierdie vrees dat ek ’n *has been* is en daarom moet ek nog harder werk, veral omdat die rand ál laer sak. Om ’n lewe in Europa te maak en in rand betaal te word, is nie ’n kwessie van nood leer bid nie, maar nood leer skryf. Ek is gelukkig omdat ek in verskeie genres skryf en is die hele tyd op soek na iets nuuts.”

Dit was een van die redes hoekom sy ingestem het om die draai-boek vir *Dis koue kos, skat* te skryf wat op haar gelyknamige roman gegrond is.



Elna van der Merwe en Marita van der Vyver in gesprek. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

“Deon Meyer het my drie jaar gelede genader en gesê hy dink die boek moet ’n flik word. Hy het vir my raad en leiding gegee. Dit was moeilik, ’n geval van *murder your darlings*. Die aktrise moet op haar gesig wys wat ek oor drie bladsye

geskryf het.” Maar dis ook ’n uitdaging. “Jy moet altyd gaan na wat jou bang maak”

Dit het gehelp dat sy van die begin af vir Anna-Mart van der Merwe in haar kop gehad het toe sy die draaiboek geskryf het.

“Ons het al ’n pad of twee geloop en sy het onder andere *Die blou van onthou* op RSG voorgelees. Ek was baie bly dat sy beskikbaar was en die rol kon speel.”

Van der Merwe het Van der Vyver uitgevra oor haar eerste

suksesvolle roman, *Griet skryf ’n sprokie*, en daardie tyd van haar loopbaan.

“*Griet* is soos ’n ma se voorbarige kind,” het Van der Vyver gesê. “Dit het literêre pryse gewen, maar het ook goed verkoop. Dis iets waaroor meeste skrywers droom.”

Op ’n vraag of skryfkursusse belangrik is, het Van der Vyver gesê sy glo skrywers word gebore en dat jy nie noodwendig iemand kan leer skryf nie.

“Kursusse kan jou egter help om vinniger te werk, maar my kritiek daarop is dat boeke dieselfde begin klink. Jy hoor nie meer die skrywer se stem nie, maar eerder die persoon wat die kursus aanbied.”

Goeie nuus is dat daar ’n nuwe boek op pad is. “Ek was reeds besig om aan *Misverstand* te skryf, die verhaal van ’n *has been*-skrywer – ’n man – wat in Parys aan maniere dink om sy lewe te beëindig, toe die bomaanvalle op 13 November 2015 gebeur het. Ek het besef dinge gebeur nie toevallig nie en dit het beslis ’n invloed op die boek gehad.”

*Misverstand* sal later vanjaar op die rakke wees. – **Ilza Roggeband**

**Nathan Trantraal met die Jonker-medalje op sy skouer – in regte gangster-styl. FOTO: NATALIE GABRIELS**



## Ma ‘voel vere’ vir toekenning

**Ingrid Jonker-prysuitdelings-geleentheid. Skrywersfees. ATKV-Boektent. Dit was op 6 Maart om 12:30.**

Nathan Trantraal se poësie is ’n vuishou in die maag.

Maar nie net ’n vuishou nie, dis ’n hou met ’n *knuckle duster* in die een hand terwyl die ander ’n smeulende sigaret vashou. En dan is daar die bottelskerf waarvoor jy op die uitkyk moet wees...

Voor ’n Gideonsbende van ’n 30-stuks mense het Trantraal Sondag die Ingrid Jonker-prys, wat verlede jaar aan hom toegeken is vir sy bundel *Chokers en survivors*, in die boektent in ontvangs geneem.

Die Jonker-prys word al om die ander jaar vir ’n debuut in

óf Engels óf Afrikaans toegeken en is alombekend as ’n prys vir digters deur digters. Die beoordelaars bestaan jaarliks uit drie reeds gepubliseerde digters.

Hoewel die prys nie ’n groot kontantbedrag behels nie (gewoonlik hier tussen R1 000 en R3 000 en ’n medalje), geniet die prys aansienlike prestige in letterkundige kringe. Die wenner word dikwels ook vanweë dié prys na verskeie voorlesings genooi – onder meer na geleenthede in die Lae Lande.

“Toe ek vir my ma sê ek het die Ingrid Jonker-prys gewen, vra sy my: ‘Hoeveel geld is dit?’ Toe sê ek vir haar: Dis R1 000. Toe sê sy: ‘F\*k daai prys,’” het Trantraal onder luide gelag begin.

“Gister toe ek vir haar sê ek

moet die prys kom haal, toe sê sy vir my: ‘Bring vir my *sigrets* saam.’”

En toe lees Trantraal sy eerste vers voor getiteld “Hammie” (wat, terloops ook die titel van sy vrou, Ronelda Kamfer, se jongste bundel is): “My ma groet gangsters en kêkmense dieselle / wan sytie kêkmense geken / voo hulle gangsters geraak et / ennie gangsters voo hulle / hulle harte virrie Here gegie et.”

Die ander mense op die kortlys vir die Jonker-prys wat saam met Trantraal op die verhoog was, het darem ook vuishoue uitgedeel – hoewel sonder *knuckle dusters*. Maar dis geen rede om nie Jannie Malan se *In ligte laaie* of Eunice Basson se *Leiboom* onmiddellik te gaan koop nie. – **Jo Prins**

## Antwoorde gegee oor SA se Goethe

**Donker stroom: Skrywersfees. ATKV-Boektent. Dit was op 5 Maart om 14:00.**

Hierdie is nie die laaste woord oor Eugène Marais nie. Daar is nog. Só het die skrywer Carel van der Merwe Saterdag voor ’n vol boektent gesê in sy gesprek met mede-skrywer en oud-uitgewer Kerneels Breytenbach.

In ’n aanbieding gepas onder die meer as lewensgrote blikke van Antjie Krog en Antoinette Kellerman links en regs van die verhoog, is dit jammer dié gesprek was net ’n eenmalige gebeurtenis by vanjaar se fees.

Van der Merwe se boek, *Donker stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog*, het vir die eerste keer die lewe en rol van sy lewe as joernalis net voor die oorlog en tydens die oorlog belig, waar hy in Londen gestudeer het.

Hoewel die ontslappe Leon Rousseau se *Die groot verlange* sterk tot die Suid-Afrikaanse leserspubliek gespreek het, het hy meer gekonsentreer op die bekende feite van Marais se lewe, het Breytenbach gesê.

Rousseau het ook probeer om van die talryke geheime vir die leser te ontsluit. Maar nie alles nie. En dít is die aanknopingspunt vir die gesprek oor *Donker stroom*.

“*Die groot verlange* is eintlik die boek wat my gedryf het tot hierdie boek,” het Van der Merwe gesê. “Leon Rousseau se boek het



dit duidelik gemaak dat ons hier te doen het met ’n ongelooflike Afrikaner – iemand wat uniek is in enige land, maar ook veral in ons land en juis in die era waarin hy geskryf en gelewe het.

“Daar is een keer in ’n generasie, partykeer nooit nie, in ’n land of volk se geskiedenis wat só iemand te voorskyn kom. Jan Smuts was miskien só iemand, maar Marais was een van hulle en Leon Rousseau het dít baie goed oorgebring. Hy was amper ’n tipe Afrikaanse Goethe.”

Maar was Marais ’n onkreukbare patriot of was hy ’n volksverraaiër wat met die imperiale vyand geheul het?

En wat het James Percy FitzPatrick, die skrywer van *Jock of the Bushveld*, met Marais te doen?

In *Donker stroom* lê al daai antwoorde. – **Jo Prins**

## Musiek

# ‘Gehore het groot aptyt vir klassiek’

**Klassieke musiek-  
programsamstelling  
– Peter Martens**

Woordfees het miskien ontstaan as ’n viering van woorde, dis tog alles in die naam. Maar musiek en klank het hier nog nooit tweede viool gespeel nie.

Vanjaar se Woordfees lewer weer ’n indrukwekkende verskeidenheid klassieke musiek op, en volgens die programsamsteller vir dié afdeling, Peter Martens, is dit gebaseer op vraag en antwoord.

“As die publiek meer wil hê, sal ons vir hulle meer gee. En as ’n mens na Computicket se verkope kyk, lyk dit of ons voorspellings goed was.”

“Klassieke musiek sal altyd deel wees van die Woordfees. Dit is nie iets waarvoor ’n mens plek hoeft te maak nie, dit het natuurlik ’n tuiste by so ’n fees,” sê Martens.

“Afrikaanse geskiedenis het ’n hele paar wêreldklas musici en komponiste opgelewer. Afrikaans self is ’n pragtige, poëtiese taal wat dit leen tot die kunslied, of dit nou koormusiek op solosang is. Niks hiervan kan in ’n vakuum geprogrammeer word nie, so om dit in konteks te sit, word dié Afrikaanse musiek reg langs Schubert, Beethoven, Handel en Sjostakowsj geplaas.”

’n Groot stuk van die klassieke musiekprogram van die Woordfees maak deel uit van die reeds baie gewilde Endler-konsertreeks wat deur dié reeks se komitee saamgestel word. Die res van die

program word gekies deur die Woordfees-bestuur met Martens in ’n konsulerend rol.

Volgens Martens ontvang hulle ’n magdom aansoeke van musici wat wil optree. “Eindelik moet ’n mens ’n gebalanseerde program hê. Dit beteken die barok-, klassieke-, romantiese- en kontemporêre tydperke moet verteenwoordig word. Dan moet ’n mens ook kamer-musiek, kunsliedere, koormusiek, orkesmusiek, instrumentele musiek, jazz en nog meer akkommodeer.”

En verskeie van die kunstenaars wat optree, is soos met vorige jare, gerekende internasionale musici. Mense soos Miriam Batsashvili (klavier) en Amanda Forsyth (tjello) tree op, asook een van die wêreld se beste koperblaas-kwintette uit München, Harmonic Brass.

Die rede vir die groot aanvraag van gehalte-klassieke musiek is tweevoudig, volgens Martens. Die geriewe by die universiteit is wêreldklas, veral die Endler- en Fismersaal, maar dit gaan ook oor die publiek, die mense wat kaartjies koop en stoele volmaak. Maar dis nie net gereelde konsertgangers wat iets hieruit sal kry nie. Hier is ook iets vir nuuskierige feesgangers.

Volgens Martens is daar te veel hoogtepunte om te noem, maar iets soos Dido & Aeneas, ’n Purcell-opera, behoort ’n unieke ervaring te wees, en Magda de Vries se Fragment is iets waarvoor mense kan uitkyk.

– Naudé van der Merwe

## Snêp, krêkkel, Woordfees-Pops!



**Derduisende mense het gister al vroeëgaand hul piekniekstoele en -komberse op Coetzenburg se gras uitgepak in afwagting van die eerste Woordfees Pops. Sporadiese rukwinde het nie die gehoor of kunstenaars ontsenu nie. Die Kaapse Filharmoniese Jeugorkes het die program geopen, gevolg deur Laurika Rauch. Ander kunstenaars wat onder die regie van Janine Neethling deel was van hierdie omvangryke konsert, sluit in Gloria Bosman, Elvis Blue, Floors Oosthuizen, Andriëtte Norman, Magdalene Minnaar, Brandon October en die Tygerberg-kinderkoor. Elana Afrika-Bredenkamp was die seremoniemeester. FOTO’S: NARDUS ENGELBRECHT**

# Moederkerk se pype gaan weer óópgetrek word

**Die Orrelweek, ’n reeks etensuur-orreluitvoerings, is vir ’n tweede keer op die Woordfees se program. Wayne Muller gesels met Zorada Temmingh, wat dié konsertreeks saamstel.**

**Orrelweek. Klassieke musiek.  
NG Moederkerk.  
7 tot 11 Maart om 13:15.**

Verlede jaar was dit een van die gewildste items op die Woordfees se program van klassieke musiek – en vanjaar belooft die Orrelweek om weereens ’n groot gehoor te trek.

Die Stellenbosse orrelis Zorada Temmingh, wat die konsep na die Woordfees gebring het, sê sy was verlede jaar aangenaam verras.

“Ek het nooit so ’n oorweldigende toeloop verwag nie.”

Die Orrelweek bestaan uit vyf daaglikse etensuur-orreluitvoerings in die Stellenbosse Moederkerk. Dit begin vandag met ’n uitvoering deur Louna Stofberg.

Môre speel Winand Grundling, Woensdag Erik Dippenaar, Donderdag Diederick Basson en Vrydag is Temmingh self agter die orrel. Elke uitvoering duur sowat 35 minute.

“Ek het iets soortgelyks in Londen en Bern (Switserland) meegemaak en wou dit lankal vir toeriste hier doen. Die Woordfees het na die ideale geleentheid daarvoor gelyk,” vertel Temmingh waar die idee vir dié konsertreeks vandaan kom.

Sy meen die Orrelweek was so gewild omdat die etensuur-tydgleuf meeste mense pas en die kerk is in die middel van die dorp.

“Jy kan vir ’n halfuur in die pragtige ou kerk kom sit en ont-



**Zorada Temmingh**

span en na goeie orrelmusiek luister tussen ander *shows* of net voor of ná middagete. En duidelik is daar ’n groot aantal orrelliefhebbers by die Woordfees!”

Die vier orreliste wat saam met Temmingh optree, het almal Stellenbosse bande – óf dorpsinwoners

óf oudstudente van die US Konservatorium.

“Gehoorlede het spesifiek gevra dat ek vanjaar weer dieselfde orreliste nooi. In ons land is dit buitengewoon om soveel uitvoerende orreliste op een dorp te hê. Al die orreliste het ’n eie styl wat in hul programkeuse geflekteer word,” sê Temmingh, wat ook saam met Elna van der Merwe in *Beste Blondes* sal optree.

Stofberg, ’n MMus-student aan die US, speel Bach en Mendelssohn; die barokspesialis Dippenaar speel Handel en Elgar; Basson speel Bach en Guillemant; en Grundling en Temmingh doen improvisasies op kerkliedere.

Oor haar eie uitvoering Vrydag sê Temmingh dat die program ’n hele paar keer verander het.

“Die idee was om musiek te

kies wat by die huidige tyd in die kerkjaar pas, naamlik Lydens- en Paasliedere, maar dit moes ook so gekies word dat die volle orrel tot sy reg sal kom wat klankkleure betref.”

Sy doen ’n aantal variasies in die styl van die danse van die baroksuite op “Jesu meine Freude”, wat vir haar een van die sterkste melodiere in die *Liedboek* bly. Dan is daar ook die lieder “Soos ’n Wildsbok” en “Loof die Here uit die Hemel”.

“Die oorblywende werk op my program moet nog in my kop gebeur, of ek sal ’n ‘egte’ improvisasie (in teenstelling met ’n voorbereide een) doen op ’n voorstel uit die gehoor. Mense vind dit altyd opwindend.”

Ons sal tot Vrydag moet wag en sien.

# Kitaarslaner. Rebel. Anton.

**Anton Goosen** het pas 70 geword en **Herman Lategan** het met hom gesels.

Hy is meer as net die clichés (ikoon, volksbesit, selebriteit, ster) wat mense hom oor dekades al toegedig het. Niks daarmee verkeerd nie, alles waar, maar sy wêreld is ruimer as dit. Hy is 'n hoogs genuanseerde, komplekse persoonlikheid met 'n emosionele register wat wyd en ver strek.

Op die oppervlak kom hy soms as die wandelende troebadoer voor, die melankoliese man met die toingrige ou pet wat half oor sy gesig getrek is, effe hartseer, maar ietwat geamuseerd. Maar daar is in hom 'n amper heilige, misterieuse, vrugbare en donker grond waarin sy eksistensie en kreatiwiteit flikker en geanker lê. Hy is outentiek, nie 'n namaaksel of chimera nie.

Dit is gepas dat ons die knie buig op sy 70ste verjaardag, wat Saterdag plaasgevind het en met fanfare by die Spier-amfiteater gevier is.

**As jy terugkyk, wat sou jy graag wou verander?**

Sou hier en daar beter beplan het en dalk meer kommersieel gedink het, soos om pette en velskoene te verkoop (haha). Ek sou definitief met borge geflankeer het, ek het net nooit daaraan gedink nie. Eenkeer het 'n maatskappy hemde vir my geborg, maar toe vergeet ek om dit te dra en toe hou hulle op.

**Daar was baie hoogtepunte in jou lewe, maar watter album en liedjies staan uit?** Seker altyd die eerste (*Boy van die Suburbs*), maar ook *Liedjie-boer* en *'n vis inni bos*.

**Wat is jou geliefkoosde Afrikaanse woord?**

Koester en doekvoet. [Geruisloos, rats soos 'n haas: Hy seil doekvoet oor die vlakke. Ou Geswind hardloop doekvoet.]

**Som jouself op in drie woorde.**

Kitaarslaner. Rebel. Vis.

**Wanneer was die laaste keer toe jy gehuil het en hoekom?**

Toe my jackrussell, Skye, 'n jaar en half gelede aan nierversaking oorlede is. Sy was 13 en 'n half. Ek moes haar vashou.

**Waar woon jy nou en vir hoe lank? Hoekom daar?**

Gansbaai op die hawe, al vir agt jaar. Ek kuier al dekades lank in Gansgat, ek hou van die eenvoud en eerlikheid. Hier is nie pseudo-intellektuele dampkringetjies nie.



Anton Goosen deel 'n spesiale verjaardagoomblik saam met Schalk Joubert wat die musikale regie van die huldigingskonsert Saterdagand by Spier behartig het. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

**Waar het jy al gewoon in jou lewe en van watter plek het jy die beste herinneringe?**

Middelburg in die Oos-Kaap, Cradock, Kroonstad, Welkom, Bloemfontein, Heidelberg in Gauteng, Johannesburg, Randburg, Hennopsrivier en nou Gansbaai. Almal het beste herinneringe behalwe die eerste twee, want ek was te klein.

**Vir hoe lank rook jy nou al nie? Enige raad vir mense wat wil ophou?**

Dertien maande! Beplan 'n datum vooruit. Dan begin jy solank om nie in die motor en huis te rook nie. As jy 'n partner het, doen dit saam. Vergeet van plakkers en kougom, jou motivering moet daar wees. Die Allen Carr DVD het die ding vir my gedoen. Dis 'n kopskuif en baie bevrydend. Ek is byvoorbeeld nie 'n eks-roker nie, ek's iemand wat nie rook nie.

**Watter boek en gedig sal jy graag weer wil lees, of het die grootste invloed op jou gehad?**

*Die groot verlange* van Leon Rousseau, "Winternag" van Eugène Marais, "Die beelteltjie" van N.P. van Wyk Louw, "Kersliedjie" van D.J. Opperman, die hele *Lotus* van Breyten Breytenbach, Ingrid Jonker se werk en Adam Small se "Die Here het gaskommel". Daar is nog baie ander.

**Hoeveel albums en liedjies het jy tot op hede geskryf?**

Twaalf albums en ongeveer 500 liedjies, alhoewel ek al sedert die begin van my loopbaan die hoeveelheid op daardie syfer skat, dus weet ek nie regtig nie. Maar 12 albums, samestellings uitgesluit, is korrek.

**Wat onthou jy van jou kleintyd (waar het jy groot-**

“ Ek sou hier en daar meer kommersieel gedink het, soos om pette en velskoene te verkoop.

**geword) en jou ma en pa. Wat mis jy van hulle?**

Grootword was meestal in Kroonstad, die Valsrivier. Ek mis die intieme gesels met my ouers, om goeie (en ander nuus) te kan oortel, die ding van kyk-wat-het-ek-gedoen, en hul liefde.

**Watter musiek moet hulle eendag op jou begrafnis speel?**

In 'n stadium het ek vir my ma gesê dit moet "Universal Soldier" [deur Donovan] wees, sy was baie ontsteld. Dalk net stilte afgewissel met tortelduiwe, solank hulle in tuine is. Ek betrap een of twee nogal gereeld waar hulle ná 'n rukkie net onder die noot koer-koer (haha).

**As ek sê "groot liefde", waaraan of wie dink jy?**

Nee, gaan nie antwoord nie, dis onregverdig teenoor 'n horde mense (lol).

**Wat nou? Vorentoe?**

Die nuwe album, konserte soos voorheen, insluitende eksotiese bestemmings. Als gaan eintlik aan soos voorheen. Sewentig is net 'n syfer in 'n mens se kop. "Life is just a state of mind" as ek Peter Sellers se *Being There* mag aanhaal.

## TROTSE WYNVENNOOT VAN DE VETTE MOSSEL BY US WOORDFEES

Universiteit Stellenbosch  
**Woordfees**

**DuToitskloof**  
RAWSONVILLE **Wyne**

T: +27 23 349 1601  
E: info@dutoitskloof.co.za  
www.dutoitskloof.co.za  
Volg ons by Du Toitskloof Wines & @DuToitskloof

Nie te koop aan persone onder die ouderdom van 18 nie.

# In skade en skande



Gerben Kamper was oor die naweek te sien in *In Ongenade*, 'n verwerking van Nobelpryswenner J.M. Coetzee se bekroonde roman *Disgrace*. Kamper speel 'n dosent wat afgedank word ná 'n romantiese verhouding met 'n student. FOTO: NARDUS ENGELBRECHT

Musikhaus  
**W. HEUER**  
www.wheuer.co.za



*Klaviere en  
musiek  
instrumente*



Stellenbosch 021 887 2938

## Resensie

# Jana Cilliers laat Petra se woorde lééf

**In die omtes van die hart. Woordkuns. Oude Libertas-ouditorium. 7 Maart om 11:00 en 9 Maart om 11:00.**

Is daar 'n groter compliment vir 'n aktrise as wanneer die skrywer van die tekste waarmee sy werk, spontaan uit die gehoor dankie sê?

Dit is presies wat gebeur het ná Jana Cilliers se uurlange eenvrouvertoning in die klein Oude Libertas-ouditorium in dié produksie wat met die tekste van Petra Müller werk. Ná 'n staande ovasie het Müller se sagte stem vanuit die stoele verrys met die enkele woorde: "Dankie, Jana."

In die omtes van die hart is 'n samestelling uit die verhale, vertellings en poësie van Müller met die regie en verwerking behartig deur Juanita Swanepoel.

Die spartaanse stel met 'n klavier links en sofa daarnaas plaas die fokus op 'n kwesbaar-sterk Cilliers reg in die middel – dis dan ook waar heelwat van die tekste voorgelees en herinneringe opgediep word.

Herinneringe en vertellings wat Cilliers projekteer

as vrou aangevuur deur die magiese woorde van Müller – en telkens vang die trefkrag 'n mens onverhoeds.

Want die tekste van Müller is so gelaai met verwikkelde nuanses – oor geborgenheid, die liefde, die land, die lewe, verlies... dat jy net in verwondering kan toekyk hoe 'n ander kunstenaar van formaat in die vorm van Cilliers dié wêreld vertolk.

En wanneer Cilliers, met haar bekende wilde bos swart krulhare met die grys wat deur tarentaal, lostrek met "om nie te weet waar jy is nie, is heerlik", laat dit 'n mens hier onder die Papegaaiberg verlang na verdwaal.

Hoewel daar hier en daar woorde was waarna Cilliers soms gesoek of geaarsel het, is dié kragtoer (wat vandag en oormôre nog te sien is), iets wat met elke produksie net hoër en hoër sal vlieg.

Gewis vir liefhebbers van Petra Müller, maar gewis vir elkeen wat die tref- en toorkrag van woorde waardeer.

Dankie Petra. En dankie Jana. – **Jo Prins**

“Om nie te weet waar jy is nie, is heerlik.”

## Feeskunstenaar

# Die evangelie volgens Mary

**Oftewel: Hoe om met swart en pers (en rooi) vrede te maak.**

Uit Barberton se wêreld kom vanjaar se merkwaardige Woordfees-kunstenaar, wat as 12-jarige in 1994 haar oumagrootjie Elsie, 'n bediende, help regop staan het in die warm kronkelslang van 'n stemtou. Nóg twee geslagte vroue in die familie was huiswerkers voordat Mary Sibande met behulp van haar bekroonde grootskaalse beelde en alter ego, Sophie, die ketting kon breek en 'n wêreldster word. Haar installasie *The Succession of Three Ages* is nog tot Sondag op die grondvloer van die US Kunsmuseum te sien. **Susan Booyens** het daar met haar gesels.

Mens kan dié kunswerk beslis nie miskyk nie, reg waar jy instap in die sentrale vertrek onder die oop sirkelplafon. 'n Formidabele vrou, totaal oortrek met tentakels, en haar vier statiese strydrosse in pikswart en helderpers. Met vreemde, kriewelende laventelkreature wat van bo af hang. Asof die kunstenaar direk kommentaar lewer op die onlangse Stellenbosse black-face-herrie (was dit swart, of nie?).

Het Mary dié werk uit reaksie geskep? Toe nie, blyk dit, maar dit lewer nes altyd in haar werk heldersienende kommentaar op ras, klas, mag en gesag – en ons geskiedenis in die wroegende, troebel Reënboogland.

Die 33-jarige Mary, warm en nederig vir iemand wat deesdae ewe tuis is in Parys, Venesië en New York, gesels met passie oor haar kuns, en verduidelik die titel se drie fases (ages) verwys na geboorte, volwassenheid en dood.

“Hoe ek werk, is dat elke laaste skepping die volgende inspireer. My werk was van dag een af soos 'n aflos – om die stok van slawerny van een generasie na die volgende aan te gee, tot by my. Want ek het 'n keuse, sien jy – ek het iemand anders kon skep wat dit van hier af aanvat, en dis Sophie, die bediende. Dis 'n bewys van my bevoorregte posisie dat ek hierdie karakter kon skep wat die knuppel van knegskap by my ma kon oorneem.

“Kleur is belangrik in my werk. Dit het begin by blou, toe oorbeveeg na pers, en nou word dit rooi. Volgende jaar is alles dalk rooi!”

Sy's lank en elegant, dra swart van kop tot tone, maar haar krale en handsak is vrolike koraal.

“Pers is 'n kleur van bevoorregting. En kleur is baie belangrik in Suid-Afrika, ons almal weet dit. Ek praat van ras en geografiese gegewe, waar jy is, bepaal wéé jy is. So, hoe kan ek die geskiedenis ignoreer, jy is gemaak van geskiedenis, ek ook. Dis hoe ons aansluiting vind. Dis hoekom kleur so sterk voorop staan, dis die basis van alles, wat die werk maak.

“Dié installasie voel soos progressie, vooruitbeweeg, maar



**Feeskunstenaar Mary Sibande voor haar werk *The Succession of Three Ages* in die US Kunsmuseum. FOTO: MARCHELLE VAN ZYL**

terselfdertyd is dit staties. Die perde [vier groot hobbelperde] gee die idee van vervoer, beweging, maar eintlik rol hulle net vorentoe en agtertoe. En dit skep ook daai uitgelate element, van kinders wat met skommelperde speel. En dan uit die Bybel, die vier ruiters van die apokalips, die vernietiging. Maar dis nie ware verwoesting nie, dis soos 'n speel-speel-apokalips.”

Oor die vreemde pers kreature verduidelik sy haar denkproses in 'n rondleiding. “Ná Sophie het ek besluit om die liggaam af te takel, te vernietig, en dis hoekom dit toe is onder hierdie tentakels, soos wortels, want vir my verteenwoordig dit groei. Ek wil die figuur, die winkelpop, tot niet maak en van voor af begin. Dié goeters lyk bietjie soos embryo's, of sperms.”

Maar die pop is nog nie heeltemal weg nie? “Sy's stadig op pad uit. Sy het nie meer 'n naam nie, sy is net die Pers Figuur. Ek hou daarvan om sowel storieverteller as onderwerp te wees.”

En die kriewelende gediertes herinner mens dalk ook aan Medusa? “Ja, dis alles – slange, wortels, dreadlocks, tentakels. My kuns word ál meer uitvoerend (performative), ek sien dit soos tonele uit 'n toneelstuk of fliek.”

Ons stap tot by die foto van 'n vroeëre werk, *A Terrible Beauty is Born*. Sy het in daardie stadium begin dink of sy wil swanger raak. En ook hoe sy die nuwe element, die kreature, kan inbring.

“Toe besef ek: gee geboorte aan hulle. Ek sal 'n geboorte-ritueel uitbeeld. So, die idee was: stoot uit, hang op, stoot uit, hang op. Uiteindelik sal sy verswelg word deur hierdie woud van gediertes. Die voorskoot val af, die doek word deur die kreature afgetrek. So, ek sê ook, Sophie gaan verdwyn, maar daar kom 'n nuwe persoon met 'n leër, 'n weermag

van kreature. Hulle staan bekend as 'Non-winged ceiling beings', engele sonder vlerke, want hulle is binnenshuis.”

Die ander foto is van die dramatiese *Red Dogs*, wat deel was van *The Purple Shall Govern*, wat in 2013 in Suid-Afrika gereis het toe sy die Standard Bank Jong Kunstenaar vir Visuele Kuns was. Dié pers vrou, met haar uitgestrekte hand en tentakels in haar hare en klere, is nie meer Sophie nie. En sedertdien het Mary ook ma geword.

“Sy sê: Sa, vat hulle! En sit haar honde uit die hel op die kyker. Dié werk gaan vir my oor vernietiging. Ek is 'n ma, ek wil bou en die wêreld 'n beter plek vir my seuntjie maak, maar tog, vir verandering om te kan gebeur, moet daar 'n storm kom. Ek verwag die storm, maar dit kom nog nie, so ek begin dit!

“In Zoeloe is daar 'n sêding: Jy's nou so kwaad, jy't 'n rooi hond geword. En om die storm op te roep, moet jy woedend wees. Maar sy hou ook haar maag vas [die figuur verwag 'n kind], so saam met die verwoesting kom hierdie mooi ding, die storm se teenwig is die lieflike sonskyn.”



**Die Pers Figuur met die tentakels wat haar oorweldig.**

Die bloedrooi staffordshire bulterriërs is gebaseer op die beeld van Jock of the Bushveld buite haar geboortedorp, Barberton, wat Mary uit kleintyd onthou.

“Die honde beskerm jou, maar hulle kan ook jou vegters word. En intussen groei vrede binne haar, so iets positiefs, mooi, sal daaruit voortvloei. Ek dink elke generasie het hierdie destruktiewe strewe, mense wat smag na oorlog, wat nou oral ter wêreld aan die gebeur is, daar's altyd hierdie bloed-dorstigheid, en tog ook gelyktydig mense wat sê: Kom ons maak vrede, kom ons doen dit nie. Spanning en verlossing, tegelykertyd.”

Terwyl Mary die rondleiding doen, pas haar man, Lawrence Lemaona, hul seuntjie (Mafa, nege maande) op. Hulle bly in Johannesburg, waar haar ma gereeld oorkom om te help baba oppas.

Sy en Lawrence, uit Welkom in die Vrystaat, het in hul eerste jaar van kunsstudie in Johannesburg ontmoet, en twee jaar later begin uitgaan. Deesdae is hulle getroud en 'n formidabele span wat die wêreld vol reis vir navorsingsgenootskappe en uitstallings. Hy is self 'n gerekende kunstenaar wat in 2005 die Absa L'Atelier Gerard Sekoto-toekenning gewen het en tans by Unisa klas gee.

“Ek wil die wêreld 'n beter plek vir my kind maak. En ek maak 'n swart man groot, jy ken al die stereotipes, al die swaar kettings wat saamgaan met leef as 'n swart man. Nie net in Suid-Afrika nie, maar waar jy ook al gaan.”

Wat gaan julle hom leer?

“Ons gaan kuns maak en die wêreld sien. My kuns gaan na soveel plekke toe, ek het al op byna elke kontinent uitgestal.”

En sal julle die land ooit permanent verlaat? “Ek is lief vir dié land! Ek wil deel wees van die verandering. En hier wees wanneer

dit gebeur, 'n bestanddeel daarvan wees. Help om dit teweeg te bring en die land vir álmal beter te maak. En om dit te kan doen, móét ek hier wees. Ek voel evangelies daaroor!”

Op dié passievolle noot gaan sit ons onder 'n sambreel en stap terug op haar eie kronkelpad.

Mary was in haar derde jaar toe sy die openbaring kry van weet jy wil en kan iets in hierdie wêreld word. Lawrence is met sy Absa Atelier-prys na Parys, en Mary is saam vir die residensie by die Cité Internationale des Arts.

“Dit was so mooi, en romanties daarby! En ons kon sien hoe wyd dit buite die grense kan wees.”

Terug tuis het sy 'n klein uitstalling by die Gordart-gallery in Johannesburg gekry, en skielik kon sy die toekoms sien. Dit was die begin van 'n vaste geloof dat kuns haar roeping is.

Praat van planne vorentoe, en watter groot land of stad wink, en sy verras entoesiasies met België.

“Ek het 'n projek in gedagte oor die land se pynlike geskiedenis en die menseslagting in die Kongo, en ek wag net vir 'n uitnodiging. Regtig. Ek kan niks verklap nie, maar dis 'n besonderse konsep.”

Voor sy groet, noem Mary hoe trots sy as Suid-Afrikaner is dat haar werk *The Reign* in 2012 deur die Iziko- Nasionale Kunsmuseum in Kaapstad vir die nageslag aangeskaf is – dit het byna teen drie maal die prys in Helsinki agtergebly.

Nou heers onse Sophie in helderblou huiswerker-gewaad met koninklike pers onderrok triomfantelik op die rug van haar strydros op sy agterpote presies waar sy hoort. Tuis.

Tot sover dan, feesgenote, die Passie van Mary. Sy's diep bly sy is hier. En hier wil sy bly.

Dankie Woordfees, sê sy. #Bly.

# DIE BOEKKLUB

almal het 'n storie...

🐦 @kyknettv #boekklub kyknet.tv



kykNET

Dinsdae 20:30

DStv